

23 April

**Skrifgedeelte: Esegïel 8
Fokusgedeelte: Esegïel 8:12**

God is oral teenwoordig

Dit gebeur dikwels in die boek van Esegïel dat hy of God self woorde aanhaal wat mense sê. So 'n aanhaling getuig gewoonlik van een of ander verkeerde gesindheid of optrede aan die kant van die volk. Dit is ook die geval met die woorde wat God in vers 12 aanhaal. In Esegïel 8 begin 'n nuwe visioen wat die profeet gesien het. In die visioen neem God hom na Jerusalem waar hy dinge sien wat in die tempel gebeur. Die tempel was in die besonder die simbool van God se teenwoordigheid by sy volk. In die tempel het die volk hulle offers gebring en God op 'n besondere wyse aanbid. In die visioen sien Esegïel dat die volk – en veral die leiers van die volk – die tempel onheiligh deur allerhande afskuwelike godsdienstige praktyke. Hulle aanbid daar heidense afgode en het selfs afgodsbeelde in die tempel ingerig. Die tweede gebod sê baie duidelik dat sulke dinge radikaal verkeerd is. Tog het hulle dit bly doen. Die aanhaling in vers 12 wys dat God se teenwoordigheid nie vir hulle 'n werklikheid was nie. Juis daarom sou God se oordeel hulle tref, sodat hulle weer met die werklikheid van God se teenwoordigheid gekonfronteer sou word. Dit kan maklik gebeur dat hierdie gedagte ook in ons harte en lewens kan leef. Jy volg maar jou eie pad en vergeet dat God jou sien. Iemand vir wie die verlossing in Christus en die werk van die Gees 'n werklikheid is, kan nooit leef asof God maar ver weg is en nie sien wat jy doen nie.

Sing: Psalm 139:1

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)